

19 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 15

### Die oorwinningslied by die laaste eksodus

As Moses na die verlossing uit Egipte aan die oorkant van die Rooisee (Rietsee) staan en al die Egiptenaars in die see verdrink, dan sing hy (die man wat so swaar van tong was) sy oorwinningslied op die grootheid van God. En wat 'n verlossing was dit na die 430 jaar in slawerny! (Kyk Eks 15)

In Op 15 sing die oorwinnaars met hulle sifers die lied van die Lam wat ook die lied van Moses is. Die Paaslam in Egipte het heengewys na die eintlike Lam wat die bevryding bring. Nou is dit nie verlossing van fisiese vyande nie, maar van al die geestelike vyande van God en sy kerk.

Maar let goed op. Hierdie lied word gesing VOORDAT die sewe engele met die bakke vol toorn uitgaan en die oorwinnaars sing ASOF die finale oorwinning al behaal is. Die inhoud van Eks 15 en Op 15 kom sterk ooreen. Dit is 'n loflied op die onoorwinlike mag van God. Ons kan soms so vaskyk teen die vyandsmagte dat ons die troon uit die oog verloor en so moeilik sing VOOR ons finale verlossing. Ons kan so maklik twyfel of God se mag werklik groter is as dié van sy vyande.

Onthou tog dat die hemel ook vir jǒu gebede en lofsange oop is.

*Sing: Skrifberyming 10:1,2,5,6      Dr B Duvenage (Emeritus)*